Dinsdag 22 September
Skrifgedeelte: 1 Petrus 2:18-25 (AFR33/53)
Fokusgedeelte: 1 Petrus 2:20, 21

## Geduld wanneer ons ly

Hier word ons herinner dat die Christelike lewe anders lyk as die lewe wat die wêreld voorstel. Die Christelike lewe raak selfs ons werksplek en hulle wat daar oor ons gestel is (vs 18). Waarom lyk ons Christelike lewe anders? God het vir ons 'n lewe voor Hom, voor sy aangesig, gegee:

- "... ter wille van die gewete voor God ..." (vs 19)
- "... dit is genade by God ..." (vs 20)
- "... sodat julle sy voetstappe kan navolg ..." (vs 21)
- "... sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe ..." (vs 24)

Ons dink soveel keer dat hierdie Christelike lewe voor God se aangesig ingewikkeld kan wees. Alles behalwe ingewikkeld ... In ons fokus word 'n eenvoudige opdrag gegee: *"Maar as julle verdra wanneer julle goed doen en ly – dit is genade by God."* Die nuwe vertaling verwoord dat ons lyding moet verdra wanneer ons goed doen. Om te verdra wanneer dit sleg en swaar gaan, vra geduld. Die geduld wat hier gevra word, kom slegs deur die geloof.

Hoe is hierdie Christelike lewe en optrede voor God moontlik? Ons kyk deur die geloof na die Een wat alreeds geduldig vir ons gely het – ons Here Jesus Christus. Vers 21-24 lig uit dat Hy vir ons gely het. Hy het geen sonde gedoen nie, geen bedrog is in sy mond nie. Maar toe Hy gely het, het Hy nie geskel nie, nie gedreig nie, maar dit aan sy Vader oorgegee. Hy het self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra, sodat ons nou die sondes kan afsterf en vir die geregtigheid lewe. Ons is teruggebring na ons Herder en Opsiener. Hy skenk uit sy genade, deur die geloof alleen, al die geduld wat ons nodig het, wanneer ons vir Hom ly. Soos ons herinner word in Galasiërs 5:25: *"Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal."*

*Sing: Psalm 68-1:9*

*Ds. MH (Marco) le Roux (Reitz/Lindley)*